Toe alles begin het *Genesis 1-2*

In die begin het God die hemel en die aarde gemaak. Op die aarde het diere van allerhande groottes saamgewoon – wilde diere en mak diere.

God het daarvan gehou om te kyk hoe almal saamspeel. Toe maak God vir Adam en Eva; die eerste mense. God was tevrede en het alles op die aarde geseën.

Gered van die vloed *Genesis 6-8*

Voordat die aarde oorstroom is, het God vir Noag gesê om 'n boot te bou. Hierdie boot is 'n ark genoem. Dit was groot genoeg vir Noag se hele familie en twee van elke soort dier op aarde.

Reën het vir veertig dae en veertig nagte neergestort totdat selfs die hoogste berge toe was onder die water!